13 Februarie 2023

Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging

Regulasies – Noordvaal Beker Kompetisie

1. **Doel:**
Om die Noordvaal Trofeekompetisie en ander Kompetisies van die geaffilieerde skole en ligawedstryde van geaffilieerde skole te administreer.

2. **Beheer:**
Die Dagbestuur van die Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging, in opdrag van die Vereniging se jaarvergadering en lede sal beheer oor die kompetisie uitoefen.

2.1 Hierdie regulasies moet saamgelees word met Wêreld Rugby regulasies en spesifiek Reg 18.

2.2 Hierdie regulasies is onderhewig, en moet ten alle tye, saam met Wêreld rugby se Rugby Rëels asook Wêreld Rugby se Regulasies gelees word.

3. **Deelnemers:**
[sien ook Grondwet vir Leerlinge met MEG]

3.1 Alle spelers moet bona fide leerlinge van skole of geregistreerde lede van Jeugklubs wees. Indien ‘n speler nie ‘n bona fide leerling van ‘n skool is nie en daar is nie ‘n bona fide geregistreerde Jeugklub in sy woonomgewing nie, mag die leerling met die toestemming van die Hoof en Beheerliggaam van die skool speel, mits hy aan die vereistes voldoen en nie reeds ‘n matrieksertifikaat verwerf het nie.

‘n Bona Fide leerling is ‘n kind wat by ‘n gewone Openbare skool of geregistreerde Privaat Skool ingeskryf is en aanvaar is en minstens sewe vakke aanbied in die VOO fase of 9 vakke in die AOO fase.

3.2 Alle deelnemers aan die Eerstespan Kompetisie moet 19 [negentien] jaar of jonger wees in die jaar waarin die kompetisie plaasvind.

3.3 Geen speler mag die ouderdomsgrens van die kompetisie / liga waaraan hy deelneem, oorskry in die jaar waarin die kompetisie plaasvind nie.

3.4 Skole en Jeugklubs sal meeding in die volgende ouderdomsgroepe:

* Onder 14 [die jaar waarin die speler veertien word en nie ouer nie]
* Onder 15 [die jaar waarin die speler vyftien word en nie ouer nie]
* Onder 16 [die jaar waarin die speler sestien word en nie ouer nie]
* Onder 17 [die jaar waarin die speler sewentien word en nie ouer nie]
* Onder 19 [die jaar waarin die speler negentien word en nie ouer nie]

3.5 Leerlinge wat na 1 Maart van die betrokke jaar van die Kompetisie van skool verwissel mag nie aan wedstryde in die VirSeker Trofeë deelneem nie alvorens die Hoof van die skool wat die leerlinge verlaat ‘n brief teken wat sodanige leerling toelaat om vir die nuwe skool te speel.

Hierdie brief moet by die Sekretaris van Noordvaal Hoërskole Rugby Vereniging ingehandig word binne 14 dae na die speler van die betrokke skool verwissel het.

Hierdie reël geld ook vir leerlinge vanaf Provinsies wat nie deel is van die Noordvaal Rugby Vereniging nie.

3.6 Leerlinge van ‘n Laerskool wat te oud is om aan die Laerskool ligas deel te neem mag vir ‘n Hoërskool se O/14 of O/15 span speel.

3.6.1. Hierdie speler moet ‘n *bona fide* leerling van ‘n Laerskool wees en dus nie ‘n Hoërskool leerling nie.

3.6.2. sodanige speler mag slegs vir een Hoërskool in ‘n seisoen speel. Hoërskole waar sulke leerlinge speel moet die name van sodanige leerlinge aan die Liga-Sekretaris van die betrokke Unie stuur teen 28 Februarie [30 Maart]

3.7 Leerlinge wat tuisonderrig ontvang mag vir ‘n Provinsiale geaffilieerde skool speel met die volgende voorbehoude.

3.7.1. Die speler mag slegs vir een skool in ‘n seisoen speel.

3.7.2. ‘n Brief van die ouer / voog en ‘n bewys van registrasie by ‘n geregistreerde Tuisonderrig Organisasie moet voor of op 28 Februarie van die betrokke jaar by die Provinsiale Hoërskool Bestuur ingehandig word.

3.7.3. Ten einde vir so speler om in enige finale [kwart; half of finaal] Noordvaal Trofeë te speel, moet hy in ten minste 50% van die liga wedstryde gespeel het.

3.8 Spelers wat bona fide leerlinge van skole is waar geen vorm van rugby [15 man of Sewes] gespeel word nie mag by ‘n ander skool in die Provinsie speel. So speler mag net vir een skool speel in die seisoen en albei skoolhoofde moet ‘n brief van goedkeuring gee dat die speler mag speel.

Hierdie brief moet die Bestuur van die betrokke Unie bereik voor of op 28 Februarie.

3.9 ‘n Leerling wat tydens die liga fase in ‘n sekere ouderdom speel mag vanaf die uitspele

- Afd 1 – ½ Finaal
- Afd 2 – 5 Provinisaal Finaal in ‘n hoër ouderdomsgroep speel mits die laer ouderdomsgroep nie meer in die kompetisie is nie.
- Die 2 jaar ouderdomsband soos in Wêreldrugby Reëls vervat is deurgaans van toepassing.

[Boksmart vereistes, asook die twee jaar vereiste moet nagekom word.

3.10 In Afdeling 5 mag ‘n O/16 leerling wel vir die O/18 span speel
[Tweejaar band en Boksmart vereistes geld]

4. **Speeltyd van wedstryde:**

Eerste Spanne	-	2 helftes van 35 minute elk [speeltyd]
O/17	–	2 Helftes van 30 minute elk (looptyd)
Onder 16	-	2 helftes van 30 minute elk [looptyd]
Onder 15	-	2 helftes van 25 minute elk [looptyd]
Onder 14	-	2 helftes van 25 minute elk [looptyd]

2de – 10de Spanne, asook O/16 B; C; D speel 2 Helfftes van 30 min.
Alle ander Spanne speel twee helftes van 25 min.

4.1 Wedstryde vanaf die ¼ Finaal van die Noordvaal kompetisie word speeltyd.

4.2 Die halftyd van Eerste spanne mag tot 10 min wees.
Spanne moet voor die wedstryd deur die Organiseerder van die Tuisskool ingelig word.

5. Bepalings van die velde en program:

a. Die kwalifiserende wedstryde vir die kwalifiserende Kwart finaal wedstryd vind op die Provinsie se veld plaas wat die hoogste op die prioriteitslys is. Die prioriteitslys word jaarliks op die Algemene Jaarvergadering bepaal en bekend gemaak.
b. Alle wedstryde tot voor die eindstryd, mag plaasvind op die tuisveld van die skole wie se Provinsie die hoogste op die prioriteitslys is.
c. Programme en Skedules vir wedstryddae met uitspeel wedstryde en wedstryde wat uitgesaai word, word deur die Noordvaal Bestuur bepaal.

6. Eindwedstryd:

6.1 Die eindwedstryde van al die verskillende ouderdomsgroepe vind op dieselfde veld plaas wat in samewerking met die Dagbestuur bepaal word.

6.2 Indien ‘n kwalifiserende kwarteind –of halfeindwedstryd gelykop eindig nadat die speeltyd soos in 4 genoem, verstreke is word die wenner op die volgende uittel manier bepaal:

- Die wenner is die span wat die meeste drieë gedruk het, indien gelyk,
- Is die wenner die span wat die eerste drie gedruk het, indien nog gelyk,
- Is die wenner die span wat die eerste punte aangeteken het
- Indien die wedstryd 0-0 eindig word die wedstryd die daaropvolgende Dinsdag, op die opponent wat weg gespeel het, se veld gespeel.

6.3 Indien die eindstryd, nadat speeltyd verstreke is, gelykop eindig, word die trofee gedeel.

6.4 Die Dagbestuur se besluit oor waar eindwedstryde gespeel word is finaal.

7. **Balle:**

No5 SARU goedgekeurde sintetiese leerballe sal in alle wedstryde gebruik word.
Tydens uitspeel wedstryde van die Noordvaal Kompetisie speel spanne met balle deur ‘n Borg voorsien, Indien daar ‘n borg is

13 Februarie 2023

8. Reiskoste:

8.1 Elke skool is verantwoordelik vir die vervoer en die vervoerkoste van sy eie span.

8.2 Reiskoste of gedeelte daarvan vir die kwalifiserende kwart; half –en finale eindwedstryde kan van die Penningmeester geëis word. Die tarief wat per kilometer betaal word, sal afhang van die hoeveelheid geld wat beskikbaar is.

9. Skeidsregters:

9.1 Skeidsregters en Assistentskeidsregters vir die uitspeelwedstryde, kwart -, half –en eindwedstryde word deur die Sekretaris van elke kategorie gereël. Hierdie Skeidsregters sal in samewerking met die Noordvaal Skeidsregters Koördineerder van die onderskeie Skeidsregters Verenigings aangestel word.

9.2 Indien ‘n benoemde Skeidsregter nie opdaag nie of beseer raak gedurende die wedstryd, moet die Assistentskeidsregter met die hoogste gradering die wedstryd hanteer op voorwaarde dat hy nie ‘n personeellid van die betrokke skole is nie.

10. Eindwedstryddatum

Die datum van die eindwedstryd sal jaarliks op die Algemene Jaarvergadering bepaal word.

11. Oorhandiging van trofeë

11.1 Die Dagbestuur bepaal jaarliks wie die trofeë oorhandig.

11.2 Die Sekretarisse van die Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging sal beheer uitoefen oor die onderskeie trofeë by die finale wedstryde beskikbaar is.

12. Korrespondensie:

12.1 Alle korrespondensie moet met die Sekretaris van die Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging gevoer word. [Dit het slegs betrekking op algemene korrespondensie wat vir al die verskillende Verenigings [Provinsies] bedoel is]

12.2 Die Dag bestuur van die Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging sal, ‘n lys van eregaste opstel wat deur die skool wat die eindwedstryde reël, uitgenooi sal word.

13. Wysiging van die Reglement

13.1 Wysigings aan die Reglement kan gedoen word deur die Bestuur met ‘n gewone meerderheid stem.

13.2 Alle veranderings aan die Reglement moet by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering d.m.v. ‘n mosie bekragtig / afgekeur word. Die prosedure is soos vir enige ander mosie.

13.3 Dit met ‘n gewone meerderheidstem op die Algemene Jaarvergadering aanvaar word.

14. Kleredrag

14.1 Skole speel in hul skooltruie

14.2 Spelers sal nommers dra soos voorgeskryf deur SARU op die rug.

14.3 Indien twee skole wat in die uitspeel - kwart, half –en eindwedstryde betrokke is, se truie se kleure op so 'n wyse ooreenstem dat dit verwarring sal veroorsaak, sal die besoekende skool in 'n ander trui speel.

14.4 Sien ook Grondwet Art 12.3 vir bepaling van neutrale velde.

15. Finansies en Borgskap

Borgskappe word toegelaat. Die finansies sal beheer word deur die Uitvoerende Komitee van die Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging.

16. Wedstrydbotsings

Kwalifiserende wedstryde, Half -, Eindwedstryde vs S.A. Skole wedstryde, S.A.
Akademie wedstryde en Noordvaal Bondespan wedstryde.
Wedstryde tussen verteenwoordigende spanne van SARU geniet voorkeur en wedstryde van bogenoemde kompetisies moet verskuif word na 'n gepaste datum.

17. Kompetisie Organisasie

Basis van Kompetisie is krag vs krag.

17.1 Organisasie:

Die skole word in 5 Afdelings ingedeel.

17.1.2. Afdeling 1 is skole in enige van die 6 Provinsies noord van die Vaal en word gespeel oor Provinsiale grense heen.

17.1.3. In Afdeling 1 word skole ingedeel in die volgende 4 kompetisies:

Beker kompetisie	-	9 skole
Plaat kompetisie	-	8 skole
Skild kompetisie	-	8 skole
Bowl kompetisie	-	8 skole

17.1.4. Die volgende reëlings geld wat hoeveelheid spanne aanbetref.

Afdeling 1 : Beker Been

Eerste Span tot Derdespan

O/16 A, B

O/15 A, B + C

O/14 A, B + C

Afdeling 1 : Plaat, Skild en Bowl

Eerste Span – Derde Span

O/16 A + B

O/15 A + B

O/14 A + B

17.1.4.1 In 2022 speel die spanne in die Beker Been van Afdeling 1 met C spanne op ‘n vriendskaplike Basis.

17.1.4.2 Vanaf 2023 moet alle spanne wat in die Beker been speel ten minste ‘n O/14 ABC, O/15 ABC. C-Spanne sal toegelaat word, om die Wedstryd met nie-kompeterende skrums te begin.

17.1.4.3 C-Spanne moet in ten minste 6 van die 8 wedstryde speel om as deel van die kompetisie te te tel. Indien nie, verloor die skool 2 punte op die groot totaal.

17.1.4.4 Hierdie reeling sal jaarliks na afloop van die seisoen deur die betrokke been of afdeling Bespreek word en die behoeftebepaling, meerderheidesbesluit en finale voorstel sal aan die Noordvaal Bestuur voorgelê word vir ‘n finale besluit.

17.1.4.5 Skole kan nie op grond van bogenoemde versoek om nie gepromoveer te word nie.

17.1.6. Vir spanne in Afdeling 1 word die volgende formule aan die einde van die seisoen gebruik om die promosie / relegasie van elke **SKOOL** te bepaal.

* Elke span waaroor die skool beskik, kry 1 punt.

* Elke span wat in 'n wettige wedstryd (Noordvaal Kompetisie) speel, kry weer 'n punt.

* Eerste span kry 'n addisionele 3 punte vir elke wedstryd wat gewen word.

  Alle ander spanne kry 'n addisionele 2 punte vir elke wedstryd wat gewen word.

DUS: 1ste Span 1 + 3

2 + 3 Span 1 [speel] + 2 [as wen]

O/16 A+ B + C

O/15 A + B + C — 1 [speel] + 2 [as wen]

O/14 A + B + C

17.1.7 Met die speel van die Semi-Finaal kry die spanne punte as volg:

1ste Span	Speel – 2	Wen 4
O/16A	Speel – 1	Wen 3
O/15	Speel – 1	Wen 2
O/14A	Speel – 1	Wen 2

17.1.8 Met die speel van die finaal is die punte telling as volg:

1ste Span	Speel – 3	Wen 6
O/16A, O/15A + O/14A -	Speel – 2	Wen 4

17.1.9 Indien 'n span 'n wedstryd nie gespeel het nie of nie 'n span beskikbaar het nie, kry die skool wat 'n span beskikbaar het, 2 punte

13 Februarie 2023

VOORBEELD

SPAN	PUNT PER SPAN	SPEEL	SPEEL	SPEEL	SPEEL	SPEEL	SPEEL	SPEEL	Semi Finaal	Finaal	TOTAAL
1	1	1 3	1	1 3	1 3	1	1 3	1 3	2 4	3 6	38
2	1	1	1 2	1 2	1	1 2	1	1	-	-	14
3	1	1	1	1 2	1 2	1 2	1	1 2	-	-	16
4	1	1	1	1	1	1	1	1	-	-	8
O/16A	1	1 2	1 2	1 2	1 2	1 2	1 2	1 2	1 3	2	28
B	1	1	1	1 2	1 2	1	1 2	1	-	-	14
C	1	1	1	1	1 2	1 2	1	1 2	-	-	14
O/15A	1	1 2	1 2	1 2	1	1	1 2	1 2	1	-	19
B	1	1	1 2	1	1 2	1	1 2	1	-	-	14
C	1	1	1	1	1	1	1 2	1 2	-	-	12
O/14A	1	1 2	1 2	1 2	1 2	1	1	1 2	1 2	2 4	26
B	1	1	1	1 2	1	1 2	1 2	1	-	-	14
C	1	1 2	1 2	1	1	1 2	1 2	1	-	-	16
											233

17.1.10. Die skool met die minste punte word gerelegeer – Beker na Plaat, Plaat na Skild; Skild na Bowl, Bowl na Afdeling 2 van die Provinsie waar die skool geleë is.

17.1.11. Die skool met die meeste punte word gepromoveer vanaf Afdeling 2 na die Bowl, na Plaat, Plaat na Skild en Skild na Beker.

17.1.12. Indien skole nadese gelyk is kry die skool ‘n ekstra punt vir elke wedstryd gewen toe die skole teen mekaar gespeel het en die Eerste Span 2 punte.

17.2 Die spanne in elke been met die meeste Liga punte speel in ‘n ½ finaal en Finaal en wel op die volgende wyse -

1 vs 4 en 2 vs 3

17.3 Afdeling 2-5 word binne die bepaalde provinsiale grense gespeel met elke Provinsie wat in elke Afdeling ‘n wenner bepaal.

17.4 Skole in Afdeling 2-4 word op dieselfde basis as in Afdeling 1 gepromoveer of gerelegeer binne die provinsie. Dieselfde formule word gebruik om te bepaal watter skool gepromoveer of gerelegeer word. (Paragraaf 18.1.5)

17.5 Dit staan skole in Afdeling 1 vry om ‘n ½ Finaal en Finaal vir die B + C spanne te reël maar die spanne Se punte van sodanige wedstryde geld nie vir promosie of Relegasie nie.

18. Bepaling van Beste skool oor Provinsiale grense heen

18.1 Om die skool te bepaal wat oor Provinsiale grense die beste gevaar het in Afdeling 2 en sodoende in Afdeling 1 in die Skild te speel word die volgende formule gebruik.

Voorbeeld:

Provinsie A					
Skool	**Prov. Finaal**	**Uitspeel**	**Halffinaal**	**Finaal**	**Totaal**
Span 1ste	4	5 5	6	-	20
O/16A	3	4 4	5 5	6 6	34
O/15A	3	4 4	5 5	6	28
O/14A	-	-	-	-	-
					82
Provinsie B					
Skool	**Prov.Finaal**	**Uitspeel**	**Halffinaal**	**Finaal**	**Totaal**
Span 1ste	4	5 5	6 6	8	34
O/16A	3	4 4	5 5	6 6	37
O/15A	3	4 4	5		16
O/14A	3	4	-		7
					94

18.2 Skole wat in Afdeling 5 deelneem word verskans en sal daar nie op ‘n jaarlikse basis ‘n promosie of relegasie plaasvind nie.

Skole in hierdie afdeling mag nie meer as 2 Spanne in die liga inskryf nie en wel O/15 en O/18 of O/17 en O/19.

18.3 Indien skole in Afdeling 2 oor Provinsiale grense heen gelyk is, speel die skole teenmekaar in die week na die finale en wel volgens die prioriteitslys.

19. Liga en Bonuspunte: [Spanne]

Bepaling van Liga Wenners binne elke Afdeling of dan in elke been van Afdeling 1.

19.1 Ligapunte word soos volg toegeken:

- 4 Punte vir ‘n wen
- 2 Punte vir ‘n gelykop uitslag
- 0 Punte vir ‘n verloor wedstryd

Bonuspunte:

- 1 Punt vir 4 of meer drieë
- 1 Punt indien ‘n span met sewe punte of minder verloor

Die som van ‘n span se ligapunte bepaal sy posisie aan die einde van die ligawedstryde. Die spanne met die meeste ligapunte [sien uitspele bepalings] dring deur na die uitspeelwedstryde.

Indien spanne gelyk is, geld die volgende beginsel, punte vir en punte teen [netto punte] om die spanne se posisies te bepaal.

19.2 Die wenner van die liga is die span wat die finaal wen.

Indien spanne nog gelyk is, word die span wat die betrokke wedstryd tussen die skole gewen het, bo geplaas.

19.3 Indien spanne nog gelyk is, word die span wat die meeste punte aangeteken het, bo geplaas.

20. Spanne wat in Afdeling 2-5 verder deelneem.

* Die Noordvaal Bestuur sal jaarliks bepaal hoeveel spanne mag Afdeling 2 – 5 van elke Provinsie aan die uitspeelrondtes oor provinsiale grense meeding.

21. Pligte wedstrydbeampte / Tegniese areas

Pligte:

- Tegniese Beamptes moet aangestel word vir elke wedstryd
- Ontvang en kontroleer ouderdomslyste 30 minute voor die aanvang van die wedstryd. Wedstryd kan nie begin alvorens ‘n verteenwoordiger van beide skole die spanlyste geteken het nie. Die lys moet deur die Skoolhoof gesertifiseer wees. ‘n Standaard Boksmart Spanlys moet gebruik word. Spanlys moet ‘n oorspronklike skoolstempel vertoon.
- Geen speler mag op die veld gaan indien sy/haar naam nie op die spanlys verskyn nie.
- Slegs reserwes wat in die voorafgaande wedstryd beseer is se naam mag met die hand ingeskryf word. Hierdie inskrywing moet voor die wedstryd gedoen wod en aangemeld word by die Liga sekretaris op die verslagvorm aangedui word.
- Kontroleer die wedstryduitslag en dui enige ongerymdhede op die uitslagvorm aan.
- Sien toe dat beide afrigters, asook skeidsregters die uitslagvorm teken.
- Sien toe dat al die Afrigters, reserwes en noodhulp langs die veld plaasneem. Die Afrigters en reserwes mag nie langs die veld op en af beweeg nie. Die Wedstrydbeampte is by magte om die wedstryd te stop indien hy nie hiermee tevrede is nie. (Sien Art. 22)
- Die wedstrydbeampte moet tevrede wees met die toeskouerplasing langs die velde.
- Alle toeskouers moet aan die buitekant van die afgebakende gebied staan.
- Die wedstrydbeampte moet die volgende kontroleer: die toestand van die velde, noodhulp, paalbeskermers, tegniese area en duur van wedstryd. Die tydsduur moet in oorleg met die Skeidsregter plaasvind, maar die finale besluit oor die tydsduur berus by die skeidsregter.
- Die uitslag van die wedstryd moet so gou as moontlik na die Sekretaris deurgestuur word.
- Indien ‘n amptelike Skeidsregter die Tegniesetafel beman word alle plaasvervangers, bloedbesering of harsingskudding en geelkaarte deur die betrokke Skeidsregter administreer.

- Indien daar nie 'n amptelike Skeidsregter is nie MOET ALBEI skole 'n Verteenwoordiger voorsien wat die wedstryd administrasie behartig. [Let op na Boksmart]
- Velde moet volgens Boksmart beveilig word.
- Tegniese Beamptes moet ook statistieke aan die TV verskaf.
- Die wedstrydverslagvorm moet te alle tye beskikbaar wees

22. Tegniese Area:

Daar moet 'n Tegniese Area by die speelveld uitgemerk wees. Hierdie area moet voorsiening maak vir die volgende:

- Twee areas van ongeveer 5m x 5m en ongeveer 5m weg van die veld.
  Hierdie twee areas moet verkieslik regoor die 10m lyn op die veld wees aan weerskante van die halflyn. Hierdie areas is vir elke span se afrigters en reserwes.
- GEEN BEAMPTE OF SPELER mag buite hierdie area beweeg tensy 'n plaasvervanger se administrasie voltooi word by die Tegniese Tafel nie. Hierdie area moet duidelik afgebaken wees.
- Daar moet ook 'n area van ±3m x 3m wees, ongeveer 5m van die veld met 'n tafel regoor die middellyn.
  - 'n Volwasse Persoon sal toegelaat word om langs die kantlyn op en af te beweeg, aan die oorkant van die veld van die Tegniese Tafel.
  - Moet 'n Beffie dra vir duidelike uitkenning.
  - Moet 'n tweerigting radio hê. Mag nie 'n afrigter wees nie en mag nie bevele aan die spelers gee nie.
  - Mag nie op die veld gaan met 'n besering nie.
  - Mag die skopring opneem.
  - Mag nie met die skeidsregter of assistent skeidsregter/lynregter kommunikeer of op en aanmerkings moet teenoor die Skeidsregter/Assistant Skeidsregter/Lynregter nie.
  - Persoon se naam en Boksmart nommer moet op die spanlys aangedui word.

23. Beampte / Afrigter:

Alle persone wat spanne afrig of as Beamptes dien moet Boksmart geakkrediteer wees.

23.1 Alle betrokke beamptes moet hulle weerhou van enige negatiewe gedrag teenoor spelers, ander Beamptes of die Skeidsregter.

23.2 Die Noordvaal Bestuur behou alle regte voor en is by magte om teen enige persoon of lid op te tree indien die Noordvaal Bestuur van mening is dat sodanige persoon / lid optree in stryd met die beste belang van die Noordvaal Rugby Vereniging of die spel rugby / voetbal. (Sien Wêreldrugby Reg 18)

24. Spanne: - Lees saam met Rugby Reël 3

- 'n Span bestaan uit 15 spelers.
  'n Span mag tot 8 plaasvervangers beskikbaar hê en dan moet voorsiening gemaak word vir die volgende reserwe posisies:
  - Haker
  - Vasskopstut

- Losskopstut

- Indien net 7 plaasvervangers; geld Wêreld Rugby Reël 3 O/19 variasie
- Indien ‘n reserwe hom aan enige vorm van wangedrag skuldig maak tydens die wedstryd, soos byvoorbeeld op die veld storm indien daar ‘n geveg uitbreek, of negatiewe opmerkings teenoor die speler of Skeidsregter maak, sal hy ‘n rooikaart ontvang.
  Sodanige reserwe mag dan nie verder aan die betrokke wedstryd deelneem nie.
- 12 Deurlopende vervangings kan gemaak word
- Spelers wat in die voorry kan speel moet op die spanlys aangedui word
- Alle plaasvervangers moet met die gesag van die Tegniese Tafel en Assistant Skeidsregter die speelveld betree

25. Waterdraers

- Mag nie dieselfde truie aanhê as die span wat besig is om te speel nie.
- Mag slegs op die speelveld gaan, indien ‘n drie gedruk word.
- In geval van ‘n besering mag hulle slegs langs die kantlyn staan waar hulle die spelers van water voorsien.
- Slegs mediese beamptes / fisioterapeute van die betrokke span mag op die veld gaan tydens beserings.

26. Rooikaart / Geelkaart:

26.1 **Geelkaart:**

Wanneer ‘n speler ‘n Geelkaart ontvang tydens ‘n wedstryd, geld die volgende reëls:

26.1.1. In wedstryde met helftes van 30 min en minder moet die speler die veld vir 5 min verlaat wat halftyd uitsluit – O/14 – O/16.

26.1.2. In wedstryde wat 35 minute helftes het verlaat ‘n speler die veld vir 10 minute – halftyd uitgesluit.

26.1.3. Die tyd word gemeet vanaf die speler die Geelkaart ontvang. Die speler moet so gou doenlik sy plek by die Tegniese Tafel inneem.
Na die 5/10 minute verstreke is mag die speler terugkeer na die speelveld. Die terugkeer moet geskied met die gesag van die Tegniese Tafel en Assistent Skeidsregter in ag geneem.

26.2 **Rooikaart:**

26.2.1. Wanneer ‘n rooikaart tydens ‘n wedstryd uitgereik word moet daardie speler die veld verlaat. Die span wie se speler ‘n rooikaart ontvang het mag na **15 min** die speler vervang. (Hierdie reëling geld vir O/16 – O/19 vir die Noordvaal Kompetisie). In die O/14 en O/15 spanne mag die speler na **10 minute** vervang word. Bogenoemde moet gebeur met inagneming van maksimum speeltyd soos voorgeskryf deur Wêreld rugby.

O/19	70 min
O/14 tot O/16	60 min

26.2.1.1 Indien al 8 plaasvervangers reeds gebruik is ten tyde van die Rooikaart kan die speler **nie** vervang word nie, tensy dit 'n voorry is en dan moet 'n ander speler die speelveld verlaat, wat dan die oortredende span met 14 spelers sal laat.

26.2.2. Met die uitreik van 'n Rooikaart word die speler outomaties vir 1 ligawedstryd in die Noordvaal Kompetisie geskors.

26.2.3 Die Rooikaart word op die uitslag kaart aangedui en die betrokke ligasekretaris laat weet die skole in daardie betrokke liga van die Rooikaart.

26.2.4 Indien 'n speler die Rooikaart wil betwis moet hy binne 72 uur na afloop van die wedstryd by sy tuis provinsie, appelleer.

27. Griewe Prosedure:

27.1 Die Dagbestuur kan 'n Dissiplinêre Komitee aanstel.

a. Die volgende prosedure geld by die oortreding van die Reglement:
b. Indien die Dissiplinêre Komitee vind dat die Grondwet of Reglement oortree is mag sodanige stappe wat die Komitee nodig ag geneem word.

27.2 **Beswaar kan deur enige geaffilieerde Skool of Jeugklub of Ampsdraer van die Noordvaal Bestuur ingedien word**

27.2.1. Beswaar moet skriftelik na die wedstryd of voorval (binne 48 uur) by die Sekretaris van die Noordvaal ingedien word, of op die eerste daaropvolgende werksdag.
27.2.2.1 Die klag moet deur die Hoof en BL Voorsitter van die party wat die klag indien onderteken wees.

27.2.2. Die beswaar moet vergesel word van 'n bedrag van R1 000-00. (Bewys van Elektroniese Oorbetaling is voldoende)

NOTA: Bewyslas sal by die Klaer berus. (Alle bewyse moet klag vergesel)
Skuldigbevinding word gedoen by wyse van 'n oorwig van omstandighede.
Geen korrespondensie oor die beslissing sal gevoer word nie

27.2.3. Daar mag geappelleer word na die volle Bestuur van die Noordvaal Vereniging met dien verstande die helfte plus een van die Bestuur 'n kworum vorm.

27.3 <u>Prosedure met die ontvang van 'n klag of beswaar</u>.

27.3.1. Die prosedure wat die Dissipline Komitee / Dagbestuur volg, kan die volgende insluit.

- ❖ Ontvang 'n beswaar vanaf 'n skool of individue
- ❖ Hoor saak aan
- ❖ Komitee van ondersoek kan partye versoek om verslag in te dien.
- ❖ Sanksies

28. <u>Speeltoestande:</u>

Indien 'n veld vooraf onspeelbaar verklaar word deur die skeidsregter, skuif die wedstryd na die besoekende Skool en moet dit voor Woensdag afgehandel wees. (Rugby Reël 1)

29. <u>Noodhulp:</u>

c. 'n Wedstryd mag nie plaasvind alvorens daar nie genoegsame noodhulp is nie. Boksmart riglyne moet gevolg word.

30. **<u>COVID 19:</u>**

Terwyl die Noordvaal Bestuur erken en aanvaar dat COVID 19 nog steeds 'n realiteit is en in sekere gevalle 'n beduidende invloed op die speel van wedstryde kan hê, het die Bestuur die volgende riglyne onder die huidige vlak van nasionale bestuur van die pandemie aanvaar:

30.1 Indien daar nie 5 of meer (Afdeling 1) en 3 of meer (Afdeling 2-5) COVID-gevalle in 'n spesifieke span is nie, word COVID soos enige ander siekte of besering hanteer.

30.2 Spanne wat deur enkele Covid-gevalle geraak word, moet van die laer spanne af na bo in die spesifieke ouderdomsgroep volgemaak word.

30.3 Indien hierdie reeling veroorsaak dat daar te min spelers in die ouderdomsgroep is, word die laagste span in die ouderdomsgroep onttrek.

30.4 Die skool wat beweer COVID speel 'n beduidende rol wat een of meer spanne verhoed om 'n geskeduleerde ligabepaling na te kom, moet alle bewyse lewer.

30.5 Slegs PKR (PCR) toetse word aanvaar – soos verskaf deur ‘n geregistreerde Laboratorium.

30.6 Indien daar ‘n beduidende COVID 19-uitbraak in ‘n bepaalde span (Afdeling 1 moet dit 5 of mee ren in ander Afdelings 2-5 moet dit 3 of meer wees) is, geld die volgende:

30.6.1 Alle kommunikasie rakende COVID vind tussen die Hoofde van die skole plaas. Indien die Hoofde ooreenkom dat die wedstryd later gespeel word, moet die wedstryd voor die voltooing van die ligafase afgehandel wees.

30.6.2 Indien die Hoofde ooreenkom dat die wedstryd later plaasvind en dit vind weens onvoorsiene omstandighede nie plaas nie, of geen ooreenkoms kan weens ‘n oorvol kalender bereik word nie, word die punte deur die betrokke spanne gedeel.

Dr. Jordaan

Voorsitter

R. Olivier

Sekretaris